**BERGRIVIER MUNISILALITEIT / MUNICIPALITY**

**VISIE:**
**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**
**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

DEUS EST VITA

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

---

**45% WATERBEPERKINGS \ 45% WATER RESTRICTIONS \ 45% UKUTSHATHWA KWAMANZI**



***Gebruik water spaarsaam. Elke druppel tel.***

***Use water sparingly. Every drop counts.***

***Ukusetyenziswa kwamanzi ngokukhawuleza, Wonke amanqaku okulahla.***

---

## NOTULE VAN DIE RAADSVERGADERING GEHOU OP DINSDAG 30 JANUARIE 2018 OM 14:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, KERKSTRAAT, PIKETBERG

**TEENWOORDIG**

**LEDE VAN DIE VIERDE MUNISIPALE RAAD**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. A de Vries | [DA] | : | Speaker |
| Rdh. EB Manuel | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdd. SM Crafford | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | | |
| Rdl. J Daniels | [DA] | | |
| Rdl. AJ du Plooy | [DA] | | |
| Rdl. A Small (Me) | [DA] | | |
| Rdd. SIJ Smit | [ANC] | | |
| Rdl. SS Lesch (Me) | [ANC] | | |
| Rdl. SR Claassen | [ANC] | | |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. GJ Goliath | : | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr. N Rossouw | : | Direkteur Tegniese Dienste - waarnemend |
| Mnr. DA Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Mev. A van Sittert | : | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Mev. JS Erasmus | : | Interne Ouditeur |
| Mnr. AW Rheeder | : | Bestuurder: Administratiewe Dienste |
| Mnr. NJ Scheepers | : | Hoof: Komitee en Sekretariële Dienste |
| Me. AA Somers | : | Klerk: Komitee Dienste |
| Me. S Willemse | : | Klerk: Komitee Dienste |

***

**AKSIE**

**RVN001/01/2018**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Raadslid Lesch open die vergadering met gebed, waarna die Voorsitter almal by die vergadering verwelkom.

'n Spesiale woord van verwelkoming word gerig aan die Interne Ouditeur wat terug is van kraamverlof.

Die Voorsitter meld dat die Jaarprogram 2017/2018 reeds in Augustus 2017 deur die volle Raad goedgekeur is en aan alle Raadslede gesirkuleer is en doen 'n beroep op alle Raadslede om die Raadsvergaderings stiptelik by te woon.

***

**RVN002/01/2018**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Raadslid MA Wessels – verskoning
Raadslid J Swart – verskoning
Raadslid BJ Claasen – verskoning
Direkteur Tegniese Dienste – verlof

***

**RVN003/01/2018**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Alle Raadslede en Amptenare teenwoordig verklaar individueel dat hul geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

***

**RVN004/01/2018**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN VORIGE VERGADERING GEHOU OP DINSDAG 28 NOVEMBER 2017**
**3/3/2/2**

Dat die notule van die Gewone Raadsvergadering gehou op Dinsdag 28 November 2017 bekragtig word, onderhewig aan die volgende regstelling:

**RVN0012/11/2017**
**EERSTE DRINGENDE SAAK VAN DIE SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER: BERGRIVIER MUNISIPALITEIT *RUIMTELIKE ONTWIKKELINGSRAAMWERK* (ROR)**
**9/1/2**

***KLERK: KOMITEE DIENSTE (AA SOMERS)***

***

**RVN005/01/2018**
**EERSTE SAAK VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE: DINSDAG 28 NOVEMBER 2017: ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS: VOORLEGGING DEUR BERGRIVIER TOERISME ORGANISASIE (BTO): ERFENIS VAN BOKKOMLAAN**
**(3/3/1/5)**

Raadslid Claassen versoek dat die voorlegging met betrekking tot die Erfenis van Bokkomlaan, soos voorgelê by die Raadsvergadering op Dinsdag 28 November 2017, elektronies aan hom voorsien word, waarop die Hoof: Komitee en Sekretariële Dienste bevestig dat die voorlegging teen Donderdag 01 Februarie 2018 versprei sal word.

Op versoek van Raadslid Claassen, met betrekking tot die eindtermyn van die huidige huurkontrakte, beskikbare erwe, hoeveelheid vishuise en die ontwikkelingsproses, bevestig die Direkteur Korporatiewe Dienste dat alle inligting in hierdie verband aan hom voorsien sal word.

***HOOF: KOMITEE EN SEKRETARIËLE DIENSTE (01/02/2018)***

***DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE***

**KENNIS GENEEM**

***

**RVN006/01/2018**
**TWEEDE SAAK VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE: BERGRIVIER MUNISIPALITEIT RUIMTELIKE ONTWIKKELINGSRAAMWERK (ROR)**
**(3/3/1/5)**

Die Munisipale Bestuurder meld op versoek van die Raad, dat die Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk (ROR) geldig is tot Junie 2018 en dat Bergrivier Munisipaliteit in proses is om 'n nuwe Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk (ROR) voor te berei wat geld vir die volgende 5 jaar. Sy noem verder dat konsultante aangestel is en dat die Raad op hoogte gehou sal word rakende die proses.

**KENNIS GENEEM**

***

**RVN007/01/2018**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN SPESIALE VERGADERING GEHOU OP DINSDAG 16 JANUARIE 2018**
**3/3/2/2**

Dat die notule van die Spesiale Raadsvergadering gehou op Dinsdag 16 Januarie 2018 bekragtig word.

***KLERK: KOMITEE DIENSTE (AA SOMERS)***

***

**RVN008/01/2018**
**IMPLEMENTERINGSVERSLAG VIR RAADSBESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE RAADSBESLUITE GENEEM TYDENS RAADSVERGADERING SOOS GEHOU OP DINSDAG 28 NOVEMBER 2017**
**3/3/2/2**
***('n Verslag word ter tafel gelê, soos voorheen elektronies versprei – Bylae A)***

Die Munisipale Bestuurder lei die item in en gee terugvoer oor die Raadsbesluite van die vergadering wat gehou is op Dinsdag 28 November 2017.

**KENNIS GENEEM**

***

**RVN009/01/2018**
**IMPLEMENTERINGSVERSLAG VIR RAADSBESLUITE: TERUGVOERING VAN MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE RAADSBESLUIT GENEEM TYDENS DIE SPESIALE RAADSVERGADERING SOOS GEHOU OP DINSDAG 16 JANUARIE 2018**
**3/3/2/2**
***('n Verslag word ter tafel gelê, soos voorheen elektronies versprei – Bylae B)***

Die Munisipale Bestuurder lei die item in en gee terugvoer oor die Raadsbesluit van die vergadering wat gehou is op Dinsdag 16 Januarie 2018.

**KENNIS GENEEM**

***

**RVN010/01/2018**
**SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE**
**3/3/2/2**

Geen

***

**RVN011/01/2018**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Die Speaker doen die volgende mededelings:

**LIEF**

- Dat Raadsheer Van Rooy op Maandag 05 Februarie 2018 verjaar, waarop hy hom gelukwens.

**LEED**

- Dat 'n tydelike EPWP werker op Porterville (Me. Cathy Marthinus) oorlede is op Donderdag 25 Januarie 2018, waarna 'n oomblik van stilte gehandhaaf word.

Die Munisipale Bestuurder doen die volgende mededelings:

- Dat die Speaker op Sondag 25 Februarie 2018 verjaar, waarop sy hom geluk- en sterkte toewens.
- Dat haar kantoor skriftelike goedkeuring vanaf die Provinsiale Minister van Plaaslike Regering ontvang het rakende die vergoeding vir Raadslede; en
- Dat die waterbesparingsmaatreëls soos afgekondig in die Staatskennisgewings 41381 (12/01/2018) en 41317 (12/12/2017) by die Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering op Donderdag 25 Januarie 2018 bespreek is en dat 'n besparing van 45% gehandhaaf moet word binne Bergrivier Munisipale gebied.

**KENNIS GENEEM**

***

**RVN012/01/2018**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS**
**3/3/1/5**

Geen

***

**RVN013/01/2018**
**DRINGENDE MOSIE: WYSIGING VAN KLOUSULE 9.3 VAN DIE VERORDENING INSAKE REËLS VIR DIE HOU VAN VERGADERINGS VAN DIE RAAD VAN BERGRIVIER MUNISIPALITEIT**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Die Speaker bied die geleentheid aan Raadslid Daniels om die mosie in te lei, .arna die Raadslid die mosie aan die Raad voorlees met die voorgestelde wysiging, naamlik:

Dat klousule 9(3) soos volg lees:

Die Raad moet ten minste kwartaalliks vergader en kennis van ten minste **5 werksdae** moet van elke gewone raadsvergadering gegee word / The Council must meet at least quarterly and at least **5 working days** notice must be given of every ordinary council meeting.

Die Munisipale Bestuurder wys die Raad daarop dat die wysiging aan die Verordening Insake Reëls vir die hou van vergaderings van die Raad van Bergrivier Munisipaliteit gepubliseer moet word vir publieke deelname.

Voorts meld sy dat indien enige kommentaar/insette ontvang word vanaf die publiek dit vir oorweging aan die Raad voorgelê sal word, voordat dit finaal goedgekeur word.

**e onderstaande besluit is eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

1. Dat die wysiging soos voorgestel in konsep goedgekeur word en gepubliseer word vir publieke kommentaar; en

2. Dat die finale dokument met publieke kommentaar (indien enige) voorgelê word vir oorweging deur die Raad so spoedig moontlik.

***DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE***

***

**RVN014/01/2018**
**DRINGENDE SAKE / VERSLAE VANAF DIE SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**9/1/2**

Geen

***

**RVN015/01/2018**
**DELEGASIE VAN BEVOEGDHEDE**
**15/3/8**

Die Munisipale Bestuurder lei die item in en gee breedvoerig agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking, waarna sy die Raad deur die aanbeveling neem.

**Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

1. Dat die Raad kennis neem van die delegasies van die Munisipale Bestuurder wat ooreenkomstig wetgewing aan die Munisipale Bestuurder toegeken is;
2. Dat die aangehegte delegasies met ingang van 1 Februarie 2018 goedgekeur word; en
3. Dat elke personeellid aan wie 'n delegasie toegeken word dit skriftelik moet ontvang.

***DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE***

***

**RVN016/01/2018**
**MONTHLY BUDGET STATEMENT: OCTOBER 2017**
**5/1/B, 5/1/1**

The Portfolio Chairperson gave a brief background to the item under discussion, for information to Council.

**The undermentioned resolution was taken unanimously by Council**

**RESOLUTION**

That Council notes the monthly budget statement and supporting documentation October 2017.

***DIRECTOR FINANCIAL SERVICES***

***

**RVN017/01/2018**
**MUNICIPAL SPATIAL DEVELOPMENT FRAMEWORK (MSDF) *AD HOC* AMENDMENT OF THE 2012-17 MSDF: *STATUS QUO***
**15/1/5/9**

The Municipal Manager gave a brief summary of the item under discussion and took the Committee through the recommendation.

Various inputs and comments were made by the Councillors.

The Director Corporate Services informed the Council that a meeting regarding the recommendations by CK Rumboll and Partners will take place on Tuesday 06 February 2018 for attendance by Councillors.

**The undermentioned resolution was taken unanimously by Council**

**RESOLUTION**

That Council adopt the *status quo* report compiled by CK Rumboll and Partners for the *ad hoc* amendment of the Municipality's 2012-17 Municipal Spatial Development Framework as required in terms of Section 7.(1)(a) of the Bergrivier Municipality: By-Law Relating to Municipal Land Use Planning.

***DIRECTOR CORPORATE SERVICES***

***

**RVN018/01/2018**
**2017/18 MID-YEAR BUDGET AND PERFORMANCE ASSESSMENT COMPILED IN TERMS OF SECTION 72 OF THE MUNICIPAL FINANCE MANAGEMENT ACT, ACT 56 OF 2003**
**15/1/5/5**
***(A report was tabled at the meeting – Annexure C)***

e Municipal Manager gave a brief background to the item under discussion and took the Council through the recommendations, whereafter she and the Directors took the Committee through their red Key Performance Indicators (KPI's) (TL 23, TL 28 and TL 36) in the report.

Various inputs and comments were made by the Council.

**The undermentioned resolution was taken unanimously by Council**

**RESOLUTIONS**

1. That Council note the 2017/18 mid-year Budget and Performance Assessment and 54(1)(f) of the Municipal Finance Management Act, Act 56 of 2003;
2. That following the consideration of the mid-year Budget and Performance Assessment Report, a municipal adjustment budget be prepared in terms of section 72(3)(a) read together with Section 28 of the MFMA by 28 February 2018 as required by Regulation 23 of the Municipal Budget and reporting regulations 2009; and
3. That 2017/18 mid-year Budget and Performance Assessment Report be made public by placing it on the municipal website in terms of Regulation 34 of the Municipal Budget and Reporting Regulations GG 32141 of April 2009.

***MANAGER: STRATEGIC SERVICES***

***

**RVN019/01/2018**
**2016/17 DRAFT ANNUAL REPORT SUBMITTED IN TERMS OF SECTION 127 OF THE MUNICIPAL FINANCE MANAGEMENT ACT, 2003 (ACT 56 OF 2003)**
**15/1/5/5**

The Executive Mayor, Municipal Manager and Alderlady Smit thanked the Manager: Strategic Services and her team for their good report.

The Speaker requested that the Ward Councillors should share this information with the ward committees.

**The undermentioned resolution was taken unanimously by Council**

**RESOLUTIONS**

1. That Council adopt the 2016/17 Draft Annual Report as tabled by the Mayor in terms of Section 127(2) of the MFMA;
2. That the 2016/17 Draft Annual Report be made public and submitted to the relevant organs of state in terms of Section 127 of the MFMA; and
3. That the 2016/17 Draft Annual Report be referred to the Oversight Committee to perform the oversight process and compile the Oversight Report.

***MANAGER: STRATEGIC SERVICES***

***

**RVN020/01/2018**
**WYSIGING AAN ORGANISASIESTRUKTUUR**
**4/1/1/2**
***Vervangende verslag word ter tafel gelê – Bylae D)***

Die Munisipale Bestuurder lei die item in en gee breedvoerig agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking en neem die komitee deur die gewysigde aanbeveling.

**Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

1. Dat die volgende nuwe poste van "Supervisor/Driver: Parks" op Piketberg, Porterville en Velddrif op die organisasiestruktuur geskep word;
2. Dat die posbenaming van "Receptionist: Technical Services" verander word na Skoonmaker: Tegniese Dienste, Piketberg goedgekeur word; en
3. Dat die "major change" pos van "Tractor Driver" (Redelinghuys) intern geadverteer word op die 3 (drie) amptenare wat tans die poste van "Assistent: All Services" bekleë in Tegniese Dienste, Redelinghuys.

***DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE***

**RVN021/01/2018**
**BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING: DONDERDAG 16 NOVEMBER 2017**
**3/2/1/3**

**Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

Dat die Raad kennis neem van die besluite van die Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering wat gehou was op Donderdag 16 November 2017.

***

**RVN022/01/2018**
**BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING: DONDERDAG 28 NOVEMBER 2017**
**3/2/1/3**

**Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

Dat die Raad kennis neem van die besluite van die Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering wat gehou was op Donderdag 28 November 2017.

***

**RVN023/01/2018**
**WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES**
**3/2/1/3**

Die Speaker lei die item in en bied 'n geleentheid aan al die die Wyksraadslede teenwoordig om hul wyk se vordering aan die Raad voor te hou.

Die Bestuurder: Strategiese Dienste rapporteer dat die werwing vir CWP-werkers verlede week in wyk 5 suksesvol was en dat 'n verkiesing in wyk 5 en 6 vir 'n vakante pos in die onderskeie Wykskomitees sal plaasvind.

Die Voorsitter meld dat inligting aan die Wykskomitees versprei is, rakende projekte en beskikbare fondse, en versoek dat die fondse ooreenkomstig Bergrivier Munisipaliteit se beplanning aangewend word.

Ten slotte lig die Speaker die Raad in rakende die samestelling van die wykskomitees en meld dat hy met die Bestuurder: Strategiese Dienste gekonsulteer het met betrekking tot die teenwoordigheid van lede by die Wykskomiteevergaderings vir verdere konsultasie met die Munisipale Bestuurder, waarop terugvoering gegee sal word aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee en Raad.

**KENNIS GENEEM**

***

**RVN024/01/2018**
**IN-KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD**
**3/2/1/3**

Geen

***

**RVN025/01/2018**
**BESLUITE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS, TER INLIGTING VAN DIE RAAD**

Geen

***

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 15:30***

***

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

BERGRIVIER
27 FEB 2018
MUNICIPALITY / MUNISIPALITEIT

***VOORSITTER***
***(SPEAKER)***

***DATUM***